SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Vrystaat Kantoor / Free State Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

☎ 051 430 1531 🖷 051 430 1564 ✉ saouvrys@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

SAOU: VRYSTAAT NUUSBRIEF 3/2016

AAN: **SAOU WERKPLEKVERTEENWOORDIGERS**
VIR AANDAG: **ALLE SAOU-LEDE**

1. ONDERWYSERS WAT NIE SALARISSE ONTVANG HET NIE:

Graag wil ons alle SAOU-lede versoek wat nog nie hulle uitstaande salarisse vir Januarie 2016 ontvang het nie, om die besonderhede dadelik onder ons aandag te bring.

Indien Skoolhoofde bewus is van tydelike onderwysers wat nog nie heraangestel is nie, moet u ook die besonderhede van die SAOU-lede onder ons aandag bring.

2. BEVORDERINGSVAKATURES BY SKOLE:

Graag wil ons asb. alle Skoolhoofde versoek om so spoedig moontlik alle bevorderingsvakatures wat by die skool tans bestaan aan die distrikskantore in u streek in te stuur vir hantering.

3. BELASTINGNOMMERS:

Kontroleer asseblief u salarisstrokie. Indien u belastingnommer verkeerd is, of nie op u salarisstrokie verskyn nie, moet u dit asb. aan ons deurstuur – ons sal dit namens u by die regte persoon gaan indien. Ons het onderneem om die Departement hiermee behulpsaam te wees omdat ontbrekende belastingnommers blykbaar steeds 'n ernstige probleem is.

4. SALARISKONTROLES:

Ons vestig weereens ons lede se aandag daarop dat dit belangrik is dat veral opvoeders wat na 'n diensonderbreking heraangestel is, sal seker maak dat hul vorige diens wel erken is. Onthou ook dat alle toepaslike diens, bv. diens in 'n B/L-pos of by 'n privaatskool, ook erken kan word. Skakel asb. ons kantoor om u hiermee behulpsaam te wees.

5. LEDE AANGELEENTHEDE:

Ons wil alle BL-lede vriendelik versoek om SAOU Vrystaat asseblief skriftelik in kennis te stel indien u van pos verander het en nou ‘n Departementele pos beklee.
Indien BL-lede uit diens tree, moet u ons ook asseblief skriftelik in kennis stel sodat die debietorder vir die ledegeld gekanseleer kan word.

6. SAOU POD, REGSDIENSTE EN ALGEMENE OPLEIDING VIR 2016:

Dit is van kardinale belang dat alle SAOU lede sal bewus wees van opledingsgeleenthede wat gedurende 2016 in die Vrystaat sal plaasvind. Ten opsigte van die CPTD sisteem sal dit van alle opvoeders verwag word om in die toekoms talle opleidingsgeleenthede by te woon om genoegsame punte op te bou. Ons sal u spoedig inlig van ‘n volledige program van opleidngsgeleenthede wat gedurende 2016 in die Vrystaat deur SAOU aangebied sal word. ***Hou asb die spasie dop…***

7. DIENSVOORDELE: TYDELIKE OPVOEDERS / PERSONEEL:

Alle tydelike werknemers van die staat moet kennis neem dat u kwalifiseer vir ‘n 37% toelaag indien u ‘n kontrak korter as ses maande sluit met die staat. Indien u oor ‘n dienskontrak langer as ses maande beskik, sal u kwalifiseer vir dieselfde diensvoordele as permanente werknemers van die staat. Dit sluit natuurlik in die pensioenbydrae, mediese subsidie, behuisingsvoordeel, asook ‘n diensbonus in.

8. HANTERING VAN LEDENAVRAE:

Alle lede wat ‘n saak wil rapporteer aan SAOU moet asb. die aangehegte vorm sorgvuldig voltooi en saam met ‘n kopie van u ID dokument aan SAOU Vrystaat stuur. Die voltooide dokumentasie sal ons in staat stel om u saak met die DvO op te neem namens u.

9. BLY INGELIG:

Besoek SAOU se webwerf **(www.saou.co.za)** gereeld sodat u op hoogte kan bly van onderwyssake. Maak ook gerus gebruik van die hulpsentrum se nommer (**086 072 6843**).

Ek dank u.

U verteenwoordiger in die Onderwys.

Reniël Lodewyk
Provinsiale Sekretaris
SAOU Vrystaat
9/2/2016

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Vrystaat Kantoor / Free State Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

☎ 051 430 1531 🖷 051 430 1564 ✉ saouvrys@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

SAOU: FREE STATE NEWSLETTER 3/2016

TO: **SAOU SHOPSTEWARDS**
FOR ATTENTION: **ALL SAOU MEMBERS**

1. EDUCATORS WHO DID NOT RECEIVE A SALARY:

Herewith we request all SAOU members who did not receive their salaries for January 2016, to contact us immediately and provide your details to us.

School principals who are aware of temporary educators who are not appointed yet, must also provide the details of the SAOU members to us.

2. VACANT PROMOTIONAL POSTS AT SCHOOLS:

We request all School principals to urgently submit details of the vacant promotional posts at their schools to the district for further handling.

3. TAX NUMBERS:

Please check your salary advice. If your tax number is incorrect or does not appear, please forward the number to us – we will submit it at the relevant office. We undertook to assist the Department, because there are still a lot of numbers outstanding.

4. SALARY AUDITS:

We highlight that educators, who are appointed after a break in service, must make sure that their previous service was acknowledged after re-appointment. Remember that all relevant experience, i.e. Governing Body service, Private School service, can also be acknowledged. Contact us if you need assistance regarding recognition of service.

5. MEMBER MATTERS:

All governing body educators must please notify the Free State SAOU office as soon as they are appointed in Departmental posts. When governing body service is terminated, also notify us in writing to enable us to stop the debit order regarding your membership fees.

6. SAOU PSS, LEGAL SERVICES AND GENERAL TRAINING FOR 2016:

All SAOU members should take note of the training sessions which are scheduled for 2016 in the Free State. Regarding the CPTD system it is expected of educators to attend all training sessions in future to accumulate points. We will soon forward a detailed programme of the training sessions schedulded for 2016. ***Watch this space…***

7. SERVICE BENEFITS: TEMPORARY EDUCATORS / STAFF:

All temporary employees must take note that you qualify for a 37% allowance if you sign a contract with the governement for less than six months. If you have a contract for six months or longer, you qualify for the same benefits as permanent employees of government. This includes pension contributions, medical subsidy, housing allowance, as well as a service bonus.

8. MEMBER ENQUIRIES:

When you report a matter to SAOU, please complete the attached form carefully and return it with a copy of your ID document to SAOU Free State. The completed documentation will enable us to take up matters on your behalf.

9. BE INFORMED:

Visit the SAOU website **(www.saou.co.za)** regularly to update yourself regarding matters in education. You may also utilise the call centre number (**086 072 6843**).

I thank you.

Your representative in Education.

Reniël Lodewyk
Provincial Secretary
SAOU Free State
9/2/2016

HANTERING VAN NAVRAE VAN LEDE:

Voltooi asb. die onderstaande inligting indien die SAOU 'n saak namens u moet hanteer. Dit moet voltooi word vir elke nuwe saak wat aangemeld word.

Naam	
Voorletters	
Van	
Skool	
Persalnommer/ ID nommer	
Selnommer	
E-pos adres	
Kort beskrywing van probleem (Heg nodige bewyse aan indien van toepassing)	

Hiermee gee ek, _____ (naam en van van opvoeder), met persalnommer / ID nommer _____, toestemming aan die SAOU om relevante inligting by die Departement van Onderwys, wat nodig sou wees om die saak op te los, te trek.

NB. HEG ASB. 'N KOPIE VAN DIE ID DOKUMENT AAN

Handtekening van lid: _____

Datum: _____

HANDLING OF MEMBER ENQUIRIES:

Please complete the information below if the SAOU must handle a matter on your behalf. This must be completed for every new matter reported.

Name	
Initials	
Surname	
School	
Persal number / ID number	
Cell number	
E-mail address	
Short description of problem (Attach the necessary proof if applicable)	

Herewith I, _____ (name and surname of educator), with Persal number / ID number _____, give permission to the SAOU to obtain the relevant documents from the Department of Education which might be necessary to resolve the matter.

IMPORTANT: PLEASE ATTACH A COPY OF YOUR ID.

Signature of member: _____

Date: _____